Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2015

# AFRIKAANS HUISTAAL V1

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: LEESBEGRIP | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10) |
| AFDELING C: TAAL STRUKTURE EN -KONVENSIES | (30) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

4. Trek ŉ streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TEKS 1: ARTIKEL**

# "HAAR WERK GRYP ʼn MENS AAN DIE HART"

Gehuldig met album en produksie

**Laetitia Pople**

1 KAAPSTAD – Honderd jaar na haar geboorte op 26 Februarie 1915 word die Hertzogprysbekroonde digter, Elisabeth Eybers, gepas gehuldig met ʼn musiekvertoning en ʼn album. Dit is geskep deur dieselfde span van *God die digter* gegrond op die digkuns van TT Cloete.

2 Olga Leonard, Babette Viljoen en Trudie Prinsloo is verantwoordelik vir *ʼn Eeu van Eybers* se toonsettings, sang en musiek. Die musiekregie en bindingsteks is deur Lize Beekman behartig. Al drie het ʼn band met die digkuns van Eybers wat van die skoolbanke af strek. Hul navorsing het gaan draai in Nederland, waar Eybers sedert 1966 tot haar dood in 2007 gewoon het. En het veral uit die lees en oorlees van al haar gedigte bestaan. Van haar bundels moes naarstigtelik opgespoor word in tweedehandse boekwinkels.

3 Viljoen vertel: "Na die sukses van *God die digter* het ons besef dat daar tog ʼn mark is vir woordkunsproduksies. Deur musiek by die woord te bring, word ʼn ekstra dimensie tot die poësie gevoeg en word dit toeganklik vir mense." ʼn Mens kan ook nie die geleentheid laat verbygaan om Eybers in haar 100ste jaar te vereer nie, sê Leonard. Die aanvanklike idee het ontstaan by die deurblaai van die *100 gewildste Afrikaanse gedigte*.

4 Eybers was die eerste vroulike gepubliseerde Suid-Afrikaanse digter en het die Hertzogprys twee keer gewen. Sy het 11 digbundels gepubliseer. Prinsloo het veral aanklank gevind by haar "uitsonderlike manier om haar gevoelens in woorde uit te druk. Haar gedigte gryp ʼn mens aan die hart." Viljoen vertel haar kennismaking met Eybers was deur die gedig 'Maria', wat by elke Kerssangdiens op die platteland voorgedra is. "Daarna het ons op skool van haar gedigte soos 'Wespark' behandel. As honneursstudent in Afrikaans en Nederlands het ek ʼn hele semester met haar werk te doen gehad en het ek kort voor haar dood in 2007 in die Vondelpark gestap waaroor sy graag gedig het – dit was ʼn groot oomblik as letterkundestudent."

5 Die drie is dit eens dat die invloed van haar digkuns op die Afrikaanse letterkunde nie misgekyk kan word en ongevier verby kan gaan nie, veral nie in die jaar waarin Afrikaans amptelik 90 jaar oud is nie. Leonard vind veral aanklank by Eybers se blik op vrouwees en dat sy ʼn reusebydrae gelewer het tot die ontwikkeling van die Afrikaanse Taal. Die onderwerp in haar gedigte, soos 'Digteres as huisvrou' en 'Maria' beskryf vrouwees, dit wat van ʼn vrou verwag word, hoe ʼn vrou behoort te dink en doen.

6 “Sy was eintlik haar tyd ver vooruit: terwyl vroue nog tevrede was met huiswerk en kinders grootmaak, het sy reeds gedig oor die ongemak met huisvrou-wees en haar losgemaak van daardie verpligtinge om ŉ uiters suksesvolle loopbaan te volg en ŉ groot naam in eie reg te word. “Viljoen beaam dit en sê sy beskou Eybers as “een van die moeders van die Afrikaanse digkuns”.

7 Daar is tougetrek oor die samestelling van die produksie, skerts Leonard. “Ons het saam besluit watter gedigte ons gaan gebruik. Daarna volg ŉ toutrek oor wie watter gedig wil toonset. Ons het elkeen eers gaan werk aan vier gedigte elk en ŉ basiese toonsetting gedoen, en dan saamgekom en saam daaraan gewerk. Hoewel ons verwys na ‘my toonsetting’ of ‘jou toonsetting’ het ons ál drie op die ou end aan al die toonsettings gewerk.” Dit is verder geskaaf deur Beekman. Benewens sang, driestemming-sang en *a cappella* word die klavier, trekklavier, mandolien en kagon ingespan. Op die album kan haar gewildste en bekendste gedigte gehoor word, want gehore hou daarvan om iets te hoor wat hulle ken. Ons kon nie ‘Maria’ of ‘Herinnering’ uitlaat nie,” vertel die drie.

8 Die produksie vertel ŉ storie van ŉ kind wat grootword, digteres word, vrou word, ma word, oud word. Prinsloo vertel: “Ons wou poog om deur die gedigte haar lewenstorie te vertel, maar ook die geluk en hartseer wat sy in elke lewensfase beleef het, oor te dra. Haar poësie tref deur egtheid, soberheid, eenvoud en warme menslikheid. Haar verse is objektiewe beeldings en beskouings van lewensmomente. In haar poësie kry die vrou ŉ eie stem in die Afrikaanse poësie. Naas die vroulike gemoed neem die kind en kindergemoed ŉ belangrike plek in haar poësie in. Opnames waar Eybers haar gedigte voorlees, kan gehoor word. Prof. Ena Jansen, wat haar doktorsgraad oor Eybers gedoen en ook goed bevriend was met haar, het waardevolle insette gelewer, so ook Eybers se dogters in Nederland.

[Aangepas uit: *Die Burger,* 6 Februarie 2015]

1.1 Waarom is dit gepas dat Elisabeth Eybers gehuldig is met ŉ musiekvertoning en ŉ album? (1)

1.2 Skryf ŉ enkele woord vir *ŉ honderd jaar* in paragraaf 1 neer. (1)

1.3 Verduidelik die implikasie van die laaste sin van paragraaf 1. (1)

1.4 Wat behels die Hertzogprys? (1)

1.5 Wat beteken die aanhaling *“wat van die skoolbanke af strek”* in paragraaf 2? (1)

1.6 Verduidelik die ironie wat opgesluit lê in die feit dat Eybers se boeke in tweedehandse winkels opgespoor is. (1)

1.7 Watter voordele hou woordkunsproduksies vir die letterkunde in? (3)

1.8 Hoe het die idee posgevat om Eybers gepas te vereer oor haar bydrae in Afrikaans? (1)

1.9 Wat is Eybers se noemenswaardige prestasies wat haar so 'n goeie kandidaat maak om gehuldig te word? (3)

1.10 Verduidelik die onderstreepte uitdrukking in paragraaf 4. (1)

1.11 Dink jy dat Viljoen 'n groot aanhanger van Eybers se literêre werke was? Motiveer jou antwoord met die beste rede. (1)

1.12 Waarom is dit so gepas dat Eybers se bydrae tot die Afrikaanse letterkunde vanjaar gevier word? (1)

1.13 Beskryf die deurlopende tema in Eybers se gedigte: 'Digteres as huisvrou' en 'Maria'. (2)

1.14 Watter voordele het dit vir Eybers ingehou dat sy haar alreeds vroeg losgemaak het van die tradisionele siening dat 'n vrou huisgebonde moes wees? (2)

1.15 Verduidelik die uitdrukking in die derde sin van paragraaf 7. (1)

1.16 Waarom het hierdie drie besluit om op Eybers se gewildste en bekendste gedigte te konsentreer? (1)

1.17 Skryf die kontras neer wat in paragraaf 8 gevind word. (2)

**TEKS 2: STROKIE**

**Vroue had nie altyd maanskyn en rose ...**




1.18 Bespreek die verskil tussen paragraaf 6 van Teks 1 en die uitbarsting van die man in Teks 2. (2)

1.19 Verduidelik die ironie in die optrede van die huweliksberader. (2)

1.20 Verklaar die idiomatiese uitdrukking in Teks 2. (1)

1.21 Wat is jou mening oor die volgende? Met watter gedagtes staar die getroude paartjie na die man? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

(a) Lees die teks hieronder oor positiewe denke en maak ŉ opsomming van **SEWE wenke** hoe om positiewe denke te ontwikkel.
(b) Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
(c) Dis nie nodig om vir die opsomming ŉ titel te gee nie.
(d) Dui die getal woorde aan wat jy vir jou opsomming gebruik het.

**POSITIEWE DENKE IS ŉ MANIER VAN LEEF WAT JOU LEWE BETER MAAK.**

Jou denke beïnvloed die manier hoe jy die lewe aanpak. Die een stemmetjie waarvan jy nooit kan wegkom nie, is daardie een in jou kop wat kommentaar lewer oor alles wat om jou gebeur. As jy heeldag met iemand gesels, glo ek jy sou iemand verkies wat opgewonde is eerder as ŉ foutsoekende klakous. Jy is heeldag in gesprek met jouself – kies dus jou geselskap goed.

Baie mense dink jy is nie realisties as jy positief dink nie. Hulle is al so in die groef van negatiewe denke dat hulle glo ons leef in ŉ wêreld waar alles net verkeerd is. Om positief te dink beteken dat jy ŉ keuse maak om in jouself, jou gemeenskap, die wêreld en jou God te glo. Dit beteken dat jy wonderwerke eerder as krake sien; dat jy jouself en ander respekteer.

Uiteindelik behels positiewe denke dat jy ŉ bewustelike of selfs onbewustelik keuse maak om te fokus op dit wat wat saak maak. Ongelukkig is daar ŉ verslawing aan negatiewe sensasie, slegte nuus en die vermoë om net slegte dinge raak te sien. Slegte nuus verkoop. Positiewe dinge beteken om te weet wat aangaan, maar nie verslaaf te raak en op loop te gaan met alles wat sleg is nie.

Jy leef elke dag met jouself saam – dis nou die één persoon van wie jy nie kan wegvlug nie. Maak jouself ŉ moeitewerd-mens. Positiewe denke maak jou dankbaar. Jy sien altyd die goeie in enige situasie raak. Dit help jou om jou verlede te geniet eerder as om dit te blameer, om uit te sien na die toekoms eerder as om op te sien daarteen.

As Suid-Afrikaner weet jy ook van alles wat verkeerd is in ons land, maar daar is ook dinge wat reg is. Positiewe denke beteken nie dat jy al die antwoorde sal hê oor hoekom goed soms skeefloop en mense seerkry nie. Jy neem kennis van negatiewe realiteite, maar jy laat jou nie intrek in die spiraal van negatiewe denke en gesprekke nie. Jy let op hoe jy met jouself praat en kies om die goeie raak te sien.

[Aangepas uit: *FINESSE*, April 2014]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Beantwoord die vrae oor die teks hieronder.

1 **MEER AS 2X**

**DIE BESKERMING VAN ’N BASIESE**

**ANTI-PERSPIRANT**

**2** Dis geen verrassing nie. <u>5 000 Suid-Afrikaanse vroue het ons gevorderde deodorant as Produk van die Jaar gekies</u>!

**3**

**Shield**
vir vroue

KLINIESE BESKERMING

**Stort Vars**

**4** **ONBESKAAMD STERK**

5 **Wat sê die gebruikers?**

5.1 “EK HET MEER SELFVERTROUE GEHAD TOE EK DIE PRODUK GEBRUIK HET.” JANET, DURBAN

5.2 “DIE ENIGSTE PRODUK WAT MY DROOG HOU!” HADLEY, WES-KAAP

5.3 “DIS ’N UITSTEKENDE PRODUK. RUIK HEERLIK, MAAK NIE MERKE OP JOU KLERE NIE EN WERK SOOS DIT BELOOF.” CHERYL, WES-KAAP

5.4 “EK HET DIT _____ DIE PROEF GESTEL EN IS VERLIEF. DIE PRODUK WERK REGTIG. DENISE, JOHANNESBURG

5.5 “DIT HOU EN HOU.” MICHELLE, DURBAN

5.6 “ONGELOOFLIKE PRODUK. HOU JOU HEELDAG LANK VARS.” SAIRA, DURBAN

5.7 “BESTE PRODUK OP DIE MARK.” RIZQAH, WES-KAAP

5.8 “DIS DIE BESTE PRODUK WAT EK TOT DUSVER GEBRUIK HET. EK IS BEÏNDRUK.” S.P , JOHANNESBURG

[Aangepas uit: *Sarie*, April 2014]

3.1 Verduidelik die betekenis van 2x in die advertensie. (1)

3.2 Skryf die onderstreepte gedeelte van paragraaf 2 in die lydende vorm. (1)

3.3 Verstrek ’n gepaste rede hoekom die vraag oor die mening van die gebruikers onmiddellik aandag trek. (1)

3.4 Watter invloed het die dames se verskillende menings oor hul gebruik van die produk op jou as leser van die advertensie? (1)

3.5 In 5.3 is die woord ruik wat soms deur baie sprekers nie reg uitgespreek word nie. Watter klank- of uitspraakverskynsel kom daardeur na vore? (1)

3.6 In 5.4 is die voorsetsel weggelaat. Voltooi die woorde van Denise met die geskikte voorsetsel. (1)

3.7 Hoe dra herhaling/repetisie in 5.5 by tot die sukses van die advertensie? (1)

3.8 In 5.6 praat Saira van ʼn ongelooflike produk. Hoe bevestig die advertensie dit? (1)


3.9 In 5.7 noem Rizqah dit ook die beste produk. Wat is die stellende trap van die byvoeglike naamwoord wat in die oortreffende trap staan? (1)

3.10 Sou die advertensie jou oorreed het om die deodorant te gebruik? Motiveer jou antwoord. (1)

**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENTE

Die onderstaande vrae is op die teks gebaseer:




[Uit: *Die Burger*, 27 en 28 Februarie 2014]

4.1 Brei die gesegde in raampie 1 met 'n gepaste bywoordelike bepaling uit. (1)

4.2 Watter gevoelswaarde lê opgesluit in die woorde van die skaal in raampie 3? (1)

4.3 Benoem die spraakklank wat in al twee lettergrepe voorkom in die woord, oukei, in raampie 5. (1)

4.4 Skryf Jeremy se ma se woorde in raampie 7 in die indirekte rede. Begin jou antwoord as volg: Jeremy se ma vra ... (1)

4.5 Watter soort byvoeglike naamwoord tref jy in raampie 7 aan? (1)

4.6 Watter stylfiguur gebruik die ma in raampie 8 om Jeremy aan te spreek? Kies die korrekte antwoord:

* eufemisme
* litotes
* sarkasme
* repetisie (1)

4.7 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die ma se woorde in raampie 8? (1)

4.8 Wat is jou mening oor die tiener se gedagtes in raampie 9? (1)

4.9 Hoekom is die beletselteken (ellips) by die tweede praatborrel van raampie 10 gebruik? (1)

4.10 Verduidelik die ironie in raampie 11. (1)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die daaropvolgende vrae.

### Wat is vasbytvermoë?

1. Vasbytvermoë, oftewel *grit*, het onlangs ʼn gonswoord in Amerika geword nadat die sielkundenavorser Angela Duckworth die verband tussen dit en sukses op ʼn TED-konferensie in New York bespreek het.

2. Hul verwag nie sukses moet in hul skoot val nie. ʼn Werker met vasbytvermoë wat ʼn promosie in die oog het, lewer sy bes.

3. Wees soos ʼn universiteitstudent wat sy somervakansie opoffer en sonder vergoeding ʼn internskap doen.

4. Pleks dat ʼn mens van die een belangstelling na die volgende spring, bly jy by dit waaroor jy passievol is en word so ál beter daarmee. Jy moet passievol oor jou doelwit wees, so nie sal dit moeilik wees om op die lang duur aan te hou belangstel.

5. Hulle beskou struikelblokke as ʼn leerervaring, nie ʼn rede om tou op te gooi nie.

6. **Dink na oor hoe jy gewoonlik ʼn uitdaging benader.** "Ignoreer jy ʼn uitdaging en hoop dit gaan weg of haal jy jou skouers op en besluit jy kan dit nie doen nie?" vra Annandale, ʼn opvoedkundige sielkundige van Kaapstad.

7. Stel doelwitte en wees spesifiek. Streef die doelwitte vasbeslote na, sê Melissa Bothma, ʼn opvoedkundige sielkundige van die Kaap.

[Aangepas uit: *Huisgenoot*, 06/03/2014]

5.1 Leestekens ontbreek in paragraaf 1. Skryf slegs die woorde waar die leestekens bygevoeg moet word neer en voeg die leestekens by. (1)

5.2 Wat beteken die onderstreepte uitdrukking in paragraaf 2? (1)

5.3 Gee ʼn gepaste sinoniem vir die onderstreepte woord in paragraaf 2. (1)

5.4 Watter soort voornaamwoord is die onderstreepte woord in paragraaf 3? (1)

5.5 Skryf die onderstreepte sin in paragraaf 4 oor in die ontkennende vorm. (1)

5.6 Maak ʼn verklarende sin met die onderstreepte woord in paragraaf 4, maar dit moet ʼn betekenisverskil in jou sin hê. (1)

5.7 Skryf die voorwerp van die sin in paragraaf 5 neer. (1)

5.8 Verander die versoek of stelsin wat in swartdruk in paragraaf 6 is, na ʼn vraagsin. (1)

Kopiereg voorbehou 

5.9 Annandale is 'n sielkundige van Kaapstad. Wat is die persoonsnaam van Kaapstad? (1)

5.10 As watter woordsoort word die onderstreepte woord in die paragraaf 7 gebruik? (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**